27 Mei 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK

Jakobus 4:7 - “Wys dus dat julle van God afhanklik is deur na Hom te luister. Weerstaan die duiwel en hy sal van julle af wegvlug.”

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

Josef Kefitlhile (Algemene Assistent) – 1 Junie

Mag u ‘n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

BELANGRIKE DATUMS:

ALGEMEEN

Akademie – Wolkskool

Die tyd het aangebreek dat ons aktief betrokke kan raak op WOLKSKOOL en addisionele vraestelle en memorandums kan aflaai ter voorbereiding vir die eksamen wat om die draai is.

U kind is reeds op die WOLKSKOOL-sisteem geregistreer. Al wat u moet doen om toegang tot u kind se graad te kry, is om 'n profiel/e vir u kind/kinders te skep.

Elke leerder moet sy EIE profiel hê.

Let wel:

- Die WOLKSKOOL-Webtuiste/skakel word in die onderskeie leerderkanale op MS Teams, BO langs General, vir maklike en vinnige toegang tot WOLKSKOOL gelaai.
- Daar sal GEEN klasgroepe op WOLKSKOOL gestig word nie.
- Alle kommunikasie geskied slegs deur MS Teams.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

- Volg asseblief die stappe soos volledig uiteengesit in die dokument wat op MS Teams gelaai is.
- Kyk gerus ook na die video wat u stap-vir-stap verduidelik hoe die aansluitingsproses verloop.
- U MOET asseblief u kind se MS Teams-epos-adres gebruik om u kind se profiel te skep.

Indien u enige probleme rakende Wolkskool ervaar, stuur asseblief 'n epos na een van die volgende epos-adresse toe.
wolkskool@skole.co.za of mariesa@skole.co.za
Probleme met wagwoord vir MS Teams kontak Antoinette@roodekranslaer.co.za of enige Departementshoof.

Grondslagfase Assesseringsreeks

Baie sterkte aan ons Grondslagfase leerders wat volgende week met assessering begin.

Gr. RR- tot Gr. 3-leerders kom vanaf **Donderdag, 3 Junie** tot **Maandag, 13 Junie** om **13:00** uit. **Dinsdag, 14 Junie** keer alle grade terug na normale skool ure. Ons vra dat u asb. **NIE** u kind vroeër sal uitteken nie, aangesien assesseer tot 13:00 plaasvind. Afwesighede moet met 'n doktersertifikaat gestaaf word.

Gr. 4 – Gr. 7-Junie-eksamen

Baie sterkte aan ons intersen- en seniorfase-leerders wat volgende week met hul Junie eksamen begin. Ons weet al ons leerders het reeds hard begin voorberei. **Onthou harde werk word ALTYD beloon!**

Afwesighede moet met 'n doktersertifikaat gestaaf word, indien 'n leerder tydens die eksamen afwesig is.

Daar sal elke dag wagklas wees tot en met 13:30. Daar is in elke graad se Teams 'n vorm gelaai wat u asb. moet voltooi t.o.v. wagklasreëlings.

Ons wil u net herinner aan die volgende tye:

Dinsdag, 31 Mei – Skool sluit gewone tyd om 13:30. Leerders gaan soos normaal wissel (Periodes 1 tot 8) nadat hulle Afrikaans: Kreatiewe Stelwerk geskryf het.

Woensdag, 1 Junie - Skool sluit gewone tyd om 13:30. Leerders gaan soos normaal wissel (Periodes 1 tot 8) nadat hulle Engels Creative Writing geskryf het.

Donderdag, 2 Junie tot Maandag, 13 Junie sluit die skool vir Gr. 4 - 7 om 12:00 tydens die eksamen.

Dinsdag, 14 Junie – Skool sluit om 13:30. Leerders gaan soos normaal wissel (Periodes 1 – 8) nadat hulle Lewensvaardigheid (Gr. 4 – Gr. 6 PSW) en Lewensoriëring (Gr. 7) geskryf het.

Dinsdag, 14 Junie tot Vrydag, 24 Junie – Die hele skool keer terug na normale skooltye tot en met die skool vir die vakansie **Vrydag, 24 Junie** sluit – Die tyd sal bevestig word.

Akademie – Gr. 4 – Gr. 6 Wiskunde Olimpiade

Baie dankie aan die volgende leerders wat die afgelope twee weke aan die Wiskunde Olimpiade deelgeneem het. Ek glo elke leerder het dit vreeslik geniet en net hulle beste gegee.

Graad 4: Wian Wienekus en Jaydon Austin
Graad 5: Janco Esterhuizen en Ruben Kleinsmith
Graad 6: Caleb van Wijk en Matthew Le Hardy
Graad 7: Mieke Tryhou en Liam Poustie

Ons wag nog vir die resultate van die leerders om te kyk wie verder deur gaan na die volgende rondte. Sodra ons die uitslae het sal die leerders in kennis gestel word.

#RoodieAkademie

ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders wat onder die Top Tien Sprekers geëindig het tydens die Semi-finale uitdunronde van Gauteng-Wes.

Gr. 1 tot Gr. 3 – Ziané Delport
Gr. 4 en Gr. 5 – Logan de Kooker
Gr. 6 en Gr. 7 – Kayden de Kooker

Wel gedaan dis voorwaar ‘n puik prestasie. Roodies is ongelooflik trots op elkeen van julle!

#RoodieKultuur #RoodieRedenaars #RoodiesKlets

D12-HOKKIESPANNE

Baie geluk aan die volgende leerders wat opgeneem is in die onderskeie o/13 D12-spanne.

Dewald Engelbecht
Endré Ludick
Megan Collett
Tlhalefo Dikoko

“Non – Travelling Reserves”
Damon Pienaar
Jean Le Roux
Kayden de Kooker
Miandi van Rooyen
Zian Mestre

Roodies is voorwaar baie trots op elkeen van julle. Sterkte vir julle toernooi.

#RoodieSport #RoodieHokkie

TENNIS

Die volgende leerders het aan die D12-Tennis-toernooi deelgeneem op die 22ste April en 6 Mei. Baie dankie dat julle Laerskool Roodekrans met trots verteenwoordig het.

0/11
Juwan Marais
Reese van Zyl

0/13
Liam Poustie
Jean le Roux

Steven Pretorius
Juane Reynders

Baie geluk aan Liam Poustie en Reese van Zyl wat in die D12-span opgeneem is.

Ons Roodies is baie trots op elkeen van julle.

#RoodieSport #RoodieTennis

WELPIE-RUGBY EN MINI-NETBAL

Baie sterkte aan ons 0/7- tot 0/9-seuns en dogters wat **Saterdag, 28 Mei** aan Laerskool Krugersdorp-Noord se Mini-sportdag deelneem.

Ons glo en vertou julle gaan die oggend terdeë geniet.

#RoodieMassadeelname, #RoodieNetbal, #RoodieRugby

RUGBY

Dinsdag, 24 Mei het Roodies hul laaste ligawedstryde teen Laerskool Helderkruin gespeel.

Die wedstryduitslae is as volg:

0/9A	–	Gelykop	- 12 - 12
0/9B	–	Wen	- 5 - 15
0/10A	–	Verloor	- 14 - 12
0/10B	–	Wen	- 0 - 38
0/11 A	–	Verloor	- 15 - 10
0/11B	–	Nie gespeel nie.	
3de-span	–	Verloor	- 12 - 10
2de-span	–	Verloor	- 42 - 0
1ste-span	–	Verloor	- 38 - 0

Baie geluk aan ons **0/9A-** en **0/11A-spanne** wat na die uitspeelrondes deurdring.

Die seuns het hul harte tydens baie kompeterende wedstryde uitgespeel.

Baie dankie aan elke ouer en seun wat ons Roodie-waardes ten alle tye uitgeleef het. Ons is voorwaar Trotse-Roodies.

#Roodiesport #RoodieRugby

ROODIE-GHOLFSPAN

Op **Vrydag, 20 Mei** hul ons Roodie-gholfspan hul eerste vriendskaplike gholf teen Laerskool Protearif en Laerskool Randfontein gespeel. Ons span het hulle self werklik baie goed van hulle taak gekwyt en ons is baie opgewonde oor die nuwe sportsoort by ons skool.

#RoodieSport #RoodieGholf

LANDLOOP

Landloopoefening vir volgende week is **Maandag, Dinsdag en Donderdag** vanaf **14:00 tot 15:00**

#RoodieSport #RoodieLandloop

SKAAK

Skaaktye gedurende die eksamen

Maandae:	Graad 1 - 3, 13:30 - 14:15 (normale tyd)
Dinsdae:	Meneer SJ se beginnersklas gaan normale tyd voort
Woensdae:	Graad 1 - 3, 13:00 tot 13: 45
Meneer SJ:	Graad 4 - 7, 12:00 - 13:00

#RoodieSport #RoodiesSkaak

PRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND

Karate

Die volgende leerders en Juffrou Chané Lemmer het die naweek van **Vrydag, 20** en **Saterdag, 21 Mei** aan die Suid Afrikaanse JKA Karate Kampioenskappe te Standard Bank Arena in Johannesburg gaan deelneem.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

- Dreyer Strauss – Bronsmedalje vir beide sy Kumite en Kata items.
- Burgert Louw – Bronsmedalje vir beide sy Kumite en Kata items
- Natalie Conradie – Bronsmedalje vir haar Kumite item.
- Kiara Smit – Goue medalje vir haar Kata item.
- Juffrou Chané Lemmer Goue medalje in beide haar Kumite en Kata items.

Baie geluk aan elkeen van julle met jul prestasies. Die Roodie-familie is baie trots op julle.

Groete

_____

HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net